# LAERSKOOL KOLLEGEPARK

EEN IN STREWE

23 Junie 2026

Die einde van Kwartaal 2 het aangebreek, en ons kyk met dankbaarheid terug op ’n besige, maar opwindende kwartaal. Dit was ’n tydperk gevul met harde werk, groei, prestasies en waardevolle geleenthede vir ons leerders om op akademiese, kulturele en sportgebied te ontwikkel. Ons is trots op elke leerder, personeellid en ouer wat bygedra het tot die suksesvolle verloop van die kwartaal.

**Ligawedstryde**

Ons rugby- en netballigas het hierdie kwartaal tot ’n einde gekom, en ons kan met groot trots terugkyk op ’n baie goeie seisoen. Baie geluk aan ons o.12B- en o.13B-netbalspanne wat hulle onderskeie ligas gewen het - ’n uitstekende prestasie wat getuig van harde werk, toewyding en goeie spanwerk. Ons o.12A-netbalspan het ook besonder goed gevaar en derde in hulle liga geëindig. Verder wil ons ons 2de rugbyspan hartlik gelukwens met hulle uitstekende prestasie om tweede in die liga te eindig. Ons is baie trots op al ons spelers, afrigters en ondersteuners wat hierdie seisoen so besonders gemaak het.

**Sporttoere**

Ons skool het die afgelope naweek ’n baie suksesvolle hokkietoer in Jubaweni beleef. Dit was ’n wonderlike geleentheid vir ons spelers om hulle talent, spanwerk en sportmanskap te wys. Baie dankie aan al die spelers, afrigters en ouers wat bygedra het tot die sukses van hierdie toer.
Ons wens ook graag ons krieketspanne alle sterkte toe met hulle komende toere. Die o.11-span sal vanaf 12 tot 15 Julie op toer wees, terwyl die o.13-span vanaf 16 tot 19 Julie in Rustenburg aan hulle toer sal deelneem. Ons vertrou dat dit vir elke speler ’n besonderse ervaring sal wees en wens hulle alles van die beste toe.

**Personeel**

Ons wil graag ons hartlike gelukwense oordra aan Juf. Carla Reichert (Scholtz) en Juf. Jana Beeslaar (Malan) wat onlangs in die huwelik getree het. Mag hierdie nuwe hoofstuk in julle lewens gevul wees met liefde, vreugde, seën en mooi herinneringe. Die Kollegepark-familie wens julle en julle eggenote alles van die beste toe vir ’n gelukkige en geseënde huwelikspad saam.

**Fotodag**

Ouers en leerders word vriendelik daaraan herinner dat Fotodag op Woensdag 24 Junie 2026 plaasvind. Die volgende groepe se foto’s sal op die dag geneem word: mini-rugby, mini-netbal, netbal, rugby, redenaars en skaak. Leerders moet asseblief sorg dat hulle die **korrekte klere/ uniform vir hulle onderskeie aktiwiteite saambring,** sodat die foto’s netjies en eenvormig geneem kan word.

**Graad RR- tot Graad 1-inskrywings**

Ouers word vriendelik daaraan herinner dat inskrywings vir Graad RR tot Graad 1 reeds oop is. Inskrywingsdokumente kan by die skoolkantoor afgehaal word, en ons moedig ouers aan om die nodige dokumente so spoedig moontlik in te dien. Hou asseblief ook ons Facebook-blad dop, aangesien ons daar sal aankondig wanneer die aanlyn registrasies vir Graad R en Graad 1 open. Om te verseker dat u kind ’n plek kry, is dit belangrik dat ouers so gou moontlik registreer sodra die aanlyn registrasies beskikbaar is. Ouers is welkom om Me. A. van Wyk by die skoolkantoor te kontak vir enige navrae of hulp met die proses.

**Burgerdag**

Ouers word vriendelik gevra om solank 26 Augustus op hulle kalenders aan te teken. Ons beplan om weer ons gewilde Burgerdag aan te bied, ten bate van minderbevoorregte kinders. Dit is ’n besonderse geleentheid waar ons as skoolgemeenskap saam ’n verskil kan maak. Meer inligting rakende bestellings en reëlings sal nader aan die tyd deurgegee word.

**Assessering en rapporte**

Ons assesserings vir die kwartaal is nou afgehandel, en ons wil graag al ons leerders bedank vir hulle harde werk, toewyding en deursettingsvermoë gedurende hierdie tyd. Ons is trots op elke leerder wat sy of haar beste gelewer het. **Voorlopig sal rapporte op 25 Junie vanaf 16:30 tot 17:30 aan ouers beskikbaar gestel word.** Ouers word vriendelik versoek om asseblief die rapporte gedurende die vasgestelde tyd by die skool te kom afhaal.

**’n Paar belangrike datums vir die begin van kwartaal 3:**

- 21 Julie: Skool begin; Redenaars: Oppie Tong Af
- 22 Julie: Krieket: Sedibeng Proewe o.9 – o.13; Redenaars: Oppie Tong Af
- 23 Julie: Krieket: Sedibeng Proewe o.9 – o.13; Redenaars: Oppie Tong Af; Driehoek Koorfees
- 24 Julie: Krieket: Sedibeng Proewe o.9 – o.13; Redenaars: Oppie Tong Af
- 27 Julie: Krieket: Sedibeng Proewe o.9 – o.13; Redenaars: Oppie Tong Af
- 28 Julie: Ouermiddag; Krieket: Sedibeng Verdere Proewe o.9 – o.13
- 31 Julie: Mini-hokkie: Totius; Koekverkoping: Gr.5

Ons wens al ons leerders, ouers en personeel ’n heerlike en welverdiende vakansie toe. Mag almal veilig wees, lekker rus en kosbare tyd saam met familie en vriende geniet. **Die skool heropen weer op Dinsdag 21 Julie 2026.** Ons sien daarna uit om almal dan weer terug te verwelkom!

**MNR. C.F. HERBST**
Hoof





UTEG
YOUNG GENERATIONS
CLUB!
TAEKWONDO EAGLES
UTEG
UNITED
GROUP
태권도
WTF
SPREAD YOUR WINGS
BUILDING STRONG MINDS,
STRONG BODIES
AND STRONG CHARACTER.
MORE THAN A SPORT...
IT'S A WAY OF LIFE!
BENEFITS FOR LIFE!
FOCUS & CONCENTRATION
Improve attention and mental clarity
SELF-DISCIPLINE
Build self-control, habits and responsibility
CONFIDENCE & RESPECT
Develop self-esteem and respect for yourself and others
FITNESS & SELF-DEFENCE
Get in shape while learning valuable self-defence skills
TEAMWORK & LEADERSHIP
Learn to work with others and become a leader
ESPECIALLY BENEFICIAL FOR
CHILDREN WITH ADHD/ADD
AND THOSE NEEDING EXTRA STRUCTURE AND CONFIDENCE.
Martial arts training is often praised for helping children develop discipline, focus, and self-control.
HARD WORK
CREATES
CHAMPIONS!
CLASSES FOR BEGINNERS AND ADVANCED STUDENTS
COMPETITIONS GRADINGS & EVENTS
FUN & FAMILY FRIENDLY ENVIRONMENT
QUALIFIED & EXPERIENCED INSTRUCTORS
WHERE:
CORNER OF HERTZ BLVD AND SIEMENS STR, VANDERBIJLPARK
DAYS:
TUESDAY'S & THURSDAYS
TIME:
18:30 – 20:30
CONTACT:
083 787 2588
EMAIL:
madelkruger@gmail.com
AGES:
5 YEARS
AND OLDER
JOIN THE UTEG FAMILY TODAY!
BUILDING FUTURE CHAMPIONS
ONE KICK AT A TIME!
DISCIPLINE • RESPECT • COURAGE • FOCUS • PERSEVERANCE




alexandro's
Inspiring Through Taste
WOOD FIRED
OVEN
PIZZA PASTA
016 110 0863
072 338 0253
Demsa Building Shop 10
1 Prinsloo Street, Sasolburg
LOCATED BEHIND
CHECKERS


VG
HAIRSALON
Vanderbijlpark
LUXURY HAIR • COLOUR • BRAZILIAN • STYLING
PROFESSIONAL MAKEUP ARTIST
Your hair.
Your glow.
Your moment.
Dull hair? Dry? Or ready for a fresh new look?
We're here to bring out your best.
OUR SERVICES
Ladies haircut – R200
Roots colour – R380
Brazilian, Highlights, Colour & more
...and so much more!
WASH, CUT & BLOW
R200
EXPERT STYLISTS
Passionate about beautiful hair
PROFESSIONAL MAKEUP ARTIST
Flawless makeup for any occasion
PREMIUM PRODUCTS
For long-lasting, stunning results
PERSONALIZED SERVICE
Because you deserve the best
BOOK YOUR APPOINTMENT TODAY
Because you deserve to feel beautiful.
082 363 7038
Call or WhatsApp
139 Louis Trichardt Blvd, Vanderbijlpark, 1911
Find us on Facebook


EEN IN STREWE
LAERSKOOL KOLLEGEPARK
KOLLEGEPARK
WILDSFEES 2026
SATERDAG 25 JULIE 2026
Dis meer as 'n fees...
DIS 'N WILDE AAND!
KOM KYK NA DIE
GROOTSTE BRAAIVUUR
IN VANDERBIJLPARK!
WAARUIT BESTAAN DIE AAND?
HEERLIKE ETES – Wildsosaties, wildswors, slaaie, potbrode, malvapoeding en vla.
WILDS TAFEL – Eksotiese en smaaklike vleise soos Jakkals, Ystervark, Krokodil en allerhande wild om te kom proe!
GESELLIGE ATMOSFEER – Lekker kuier, lewendige musiek en vriende wat saam geniet.
ONDERSTEUN JOU KIND – Alle fondse word aangewend om geleenthede vir ons leerders te skep en hulle volle potensiaal te laat bereik.
LAPA-ERVARING – Jou eie lapa, mooi versier en 'n aand om nooit te vergeet nie!
DAAR SAL OOK 'N INLIGTINGSAAND WEES VOOR DIE WILDSFEES VIR AL DIE LAPA'S SE GASHERE EN GASVROUE.
KAARTJIES
R9 000 per lapa (15 pare / 30 mense)
R600 per paar
R300 per persoon
Kinders onder 6 jaar gratis toegang.
AFSNYDATUM
vir lapa-besprekings:
26 JUNIE 2026
WILDSOSATIES
WILDSWORS
MALVA POEDING EN VLA
EKSOTIESE WILDTAFEL
'n Spesiale tafel met smaaklike en eksotiese wildsvleisgeregte!
JAKKALS
YSTERVARK (PORCUPINE)
KROKODIL
SPRINGBOK
...en baie meer smaaklike vleise vir jou om te kom proe!
BRAAI PAKKET
Braaier, charcoal, blitz, vuurhoutjies en hout voorsien.
GEREGTE
Alle disse word voorsien – jy braai en geniet!
VERSIER JOU LAPA
Jou lapa, jou styl – kom wys jou kreatiwiteit!
NOOI VRIENDE EN BESIGHEDE
Maatskappye kan adverteer en hul gaste onthaal.
KOM KUIER, KOM PROE, KOM ONDERSTEUN!
HOE KAN JY HELP?
Tree op as gasheer/gasvrou
Maatskappye/besighede kan 'n lapa koop
Skenk wildsvleis: bees, vark, skaap, of ander wild
Kontantbydrae – enige bedrag welkom
Kaartjies koop @ R300 p/p
Kontak ons gerus – ons kom haal die vleis!
KRY JOU VRIENDE BYMEKAAR EN KOM GENIET 'N AAND VAN LEKKER ETES, MUSIEK EN GOEIE VIBES!
Die Wildsfees word deur ondersteuners gereël met die ondersteuning van ons Beheerliggaam, ouers en borge – dankie vir julle ondersteuning!
VIR NAVRAE KONTAK:
Mnr. Hendrik Botha: 067 339 7462
Me. Carla Ackermann: 072 993 6415
Laerskool Kollegepark
Tel: (016) 933-9946
E-pos: admin@lskollegepark.co.za
KOLLEGEPARK – SAAM KUIER, SAAM GENIET, SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL!